# Opstel

Skryf ’n opstel van ’n 150 tot 200 woorde.

Die opstel moet gaan oor wat jy sou doen as jy die jaar in graad 12 was.

- Onthou graad 12 is ’n spesiale jaar en daar is baie wat jy sal uit mis op
- In jou opstel sal jy moet se hoe jy die probleem sal aanvat

Daar moet navorsing wees.

- Die navorsing kan van ’n ouer broer of suster af kom of van die internet af.
- Daar moet teen minste 4 paragrawe wees.
- Jy mag ’n maat vra vir help as jy vas sit

Gebruik die rubriek hier onder om jou te help

| ***Kriteria*** | **Uitsonderlik** *(Skitterend)* | **Knap** *(Baie goed)* | **Gemiddeld** *(Bevredigend)* | **Elementêr** *(Baie swak)* | **Onvoldoende** *(Onverstaanbaar)* |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** en **BEPLANNING** **10 punte** | **9–10** **Inhoud** uitsonderlik of treffend of bo verwagting. - Idees is intelligent of verbeeldingryk. Dit laat die leser nadink. **Beplanning**: uitsonderlike organisasie en samehang. - Treffende inleiding, liggaam en samevatting of slot. | **7–8** **Inhoud** baie goed. - Idees is relevant, interessant en oortuigend. **Beplanning** goed en samehangend. - Goeie inleiding, liggaam en samevatting of slot. | **5–6** **Inhoud** bevredigend; soms onduidelik. - Idees redelik same-hangend en oortuigend. **Beplanning** - Redelike organisasie; inleiding, samevatting of slot. | **3–4** **Inhoud** Bly nie altyd by die onderwerp nie. - Idees is losstaande of onduidelik of verwarrend. - Dwaal af en/of is onsamehangend. - Herhalings kom voor. **Beplanning** is gedoen, maar is onvolledig. | **0–2** **Inhoud** grootliks irrelevant; nie van toepassing. - Idees is vaag of deurmekaar - Talle herhalings. - Nie oor die onderwerp nie. **Beplanning** van geen nut nie. / Geen beplanning nie. |
| **TAAL, STYL** en **REDIGERING** **5 punte** | **5** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas uitstekend by die onderwerp, doel gehoor en konteks. - **Taal en leestekens** is effektief benut, byna foutloos. **Figuurlike taal**, bv. beeld-spraak, is treffend en gepas. - **Feitlik foutloos** na redigering en proeflees. | **4** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas baie goed by die onder-werp, doel en konteks. - **Taal en leestekens** is goed; enkele foute. - **Figuurlike taal**, bv. beeldspraak, is gepas. - **Min foute** na redige-ring en proeflees. | **3** - **Styl, toon, register en woordeskat** is gepas vir die onderwerp, doel en konteks. - **Taal en leestekens** is gepas; dra betekenis oor. - **Figuurlike taal** kom hier en daar voor. - **Foute** nie erg steurend, na proeflees en redigering. | **2** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas nie by opdrag of onderwerp nie. - Steurende **taal- en spelfoute** en/of byna geen leestekens nie. - **Woordkeuse** beperk of pas nie by onderwerp nie. - **Baie foute**, selfs ná redigering en proeflees. | **0–1** - **Styl, toon, register en woordeskat** pas glad nie by opdrag/onderwerp nie. - **Taalfoute** veroorsaak dat die teks moeilik lees of byna **onverstaanbaar** is. - **Wemel van foute**: Skynbaar glad nie geredi- |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | geer of geproeflees nie. |
| **STRUKTUUR** en **FORMAAT**<br><br>**5 punte** | **5**<br>- Onderwerp ontwikkel uitstekend.<br>- Uitsonderlike, helder besonderhede of detail.<br>- Sinvolle afwisseling van **sinne en paragrawe**<br>***Lengte*** is korrek.<br>**Formaat**: Gepas; akkuraat. | **4**<br>- Onderwerp ontwikkel logies.<br>- Samehangend.<br>- Goeie / logiese afwisseling van **sinne en paragrawe**.<br>***Lengte*** is korrek.<br>**Formaat**: Enkele onbeduidende foute. | **3**<br>- Odnerwerp ontwikkel bevredigend en maak sin.<br>- **Sinne en paragrawe** is goed gekonstrueer.<br>- Inhoud maak steeds sin.<br>***Lengte*** is byna korrek.<br>**Formaat**: Enkele foute. | **2**<br>- Dwaal soms af.<br>- Sinne en paragrawe foutief OF **Oorloopsinne**.<br>- Inhoud maak sin t.s.v. die foute.<br>***Lengte***: Of te lank óf te kort.<br>**Formaat**: Redelik ernstige foute. | **0–1**<br>- Nie oor die onderwerp.<br>- Sinne en paragrawe foutief. OF **Oorloopsinne** verwar die leser.<br>- Inhoud maak nie sin nie OF Dit is onverstaanbaar.<br>***Lengte***: Veels te lank of te kort.<br>**Formaat**: Onvanpas. |

**20 punte**

**Kommentaar:**

_____

_____

_____

_____